

7 November 2021

# FAMILIE TUISBLAD



## Markus 12: 38-44

### Jesus volgeling gee hulle alles

Vyf en twintig jaar gelede het Elizabeth, 'n graad 11 leerling van Suid-Afrika, Duitsland besoek as 'n uitruilstudent. Sy het eenmaal op 'n trein gery en 'n grys ou tannie op die treinrit ontmoet. Dié tannie het moeite gedoen om Elizabeth uit te vra oor haar land van herkoms, haar lewe en haar besoek in Duitsland. Net voor hulle uitmekaar is, het die Duitse tannie 'n egte Switserse sakmes uit haar handsak gehaal en vir die jong Elizabeth gegee. Dit was so 'n onverwagse geskenk dat sy tot vandag nog die insident onthou en die mes bewaar as een van haar kosbaarste besittings.

In die Bybelverhaal van hierdie week, sien die dissipels hoe 'n arm weduwee 2 muntstukke in die offergawe kis (kollekte boks) by die tempel ingooi. Jesus verduidelik aan die dissipels dat haar bydrae meer werd is as die ryk mense wat baie geld gee. Dit verras die dissipels. Jesus kyk na jou hart en die gesindheid waarmee jy gee. Dit is vir Hom die meeste werd. Mense kan ryk wees, maar selfsugtig wees. Arm mense kan ryk wees in vrygewigheid. Met watter gesindheid gee jy?

### Lees: Markus 12: 38-44 Die arm weduwee se gawe

#### Gesels:

- Verbeel jou dat jy een van die dissipels is wat hierdie storie beleef het – wat dink en voel jy? Wat wil jy graag vir Jesus vra? En hoe dink jy sal Hy reageer?
- Wat vertel hierdie storie vir ons oor mededeelsaamheid?
- Vertel van 'n keer toe iemand iets vir jou gegee het wat vir hulle kosbaar was.
- Wat dink jy het jy om te gee? (moenie net aan geld dink nie)

**Bid:** Bid hierdie week elke oggend voordat julle by die deur uitstap – “Here God, help my om ryk te wees in liefde en vrygewigheid.”

**Doen:** Dink aan iets wat jy kan gee of met iemand deel – dit kan geld, kos, sport toerusting, klere, data, boeke of selfs jou tyd en moeite wees.

---

Luister hierdie week na nog oordenkings op die **DinkJeug Familie App**.

#### Laai die app gratis hier af:

Google Play: <https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en>

Apple iStore: <https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715>

Vir meer hulpmiddels om jou hele bediening weekliks met dieselfde teksgedeelte te belyn, besoek NOUS by [www.nous.org.za](http://www.nous.org.za)